# DIE "BUSHVELDT CARBINEERS"

## 'n Greep uit die Anglo-Boereoorlog

Dr. C.A.R. Schulenburg

Die eerste deel van hierdie werk bestaan uit 'n opsomming van publikasies, meestal uit Australië, oor die "Busveldt Carbineers" en veral oor twee hooffigure, Harry Morant en Peter Handcock. Die tweede deel is saamgestel uit persoonlike ondersoeke en navorsing; dit bevat inligting wat in geeneen van die Australiese publikasies verskyn nie, en die bedoeling is om die gebeurtenis in sy geheel te korreleer, te voltooi en in perspektief te bring.

In die ou Pretoriase begraafplaas is 'n graf waarin twee persone begrawe lê. Die kopstuk bestaan uit 'n wit marmerkruis en op die voetstuk lui die inskripsie:

*TO THE MEMORY OF*
*P. HANDCOCK*
*and*
*HENRY H. MORANT*
*27th FEB. 1902*

*"HE THAT LOSETH HIS LIFE*
*SHALL FIND IT."*

Wat beteken hierdie bybelteks op 'n soldaatsgraf? Dit verskyn in Matthéüs 10 v. 39: "... wie sy lewe verloor om My ontwil, sal dit vind;" dit hou verband met vers 36: "En 'n mens se huisgenote sal sy vyande wees." Dit is presies waar hierdie twee offisiere hulle vyande gevind het, nl. tussen hulle vriende.

Dié twee Australiërs was lede van die "Bushveldt Carbineers", 'n Britse eenheid wat in die Groot Spelonkengebied opgetree het. 'n Verhaal van durf, moed, intrige, moorde, krygsrade, vonnisse en fusillering draai om hierdie twee manne. Dit is 'n verhaal wat groot opslae gemaak het, veral in Australië. Dit is die verhaal van 'n wrede en ongedissiplineerde Briste eenheid, aangevoer deur persone wat nooit offisiersrang waardig was nie, die verhaal van moorde op ongewapende Boere wat hulleself onder die wit vlag wou oorgee en die verhaal van die moord op 'n onskuldige en neutrale Duitse sendeling van die Berlynse Sending.

### Die "Bushveldt Carbineers"

Na die besetting van Pretoria op 5 Junie 1900 het die "kommando-taktiek" van die Boeregeneraals Botha, de Wet, de la Rey, Smuts en Beyers begin. Menige Boerekommando het opgesplits in groepies van 100 of minder en hulle het die Engelse vir nog meer as 18 maande lastig geval. Kitchener het ook na vore gekom met sy bedenklike strategie van konsentrasiekampe vir Boerevrouens en kinders en die vernietiging

van Boere se huise en hulle oeste. Die Soutpansberg-gebied was die laaste onbesette gebied van Boereweerstand waar klein groepies Boere meedoënloos geveg het. Assistent kmdt.-genl. C.F. Beyers met sy kommando het veral in hierdie wêreld die Engelse hoofbrekens besorg.

Die "Bushveldt Carbineers" (afgekort in Engelstalige geskrifte na BVC) het in April 1901 tot stand gekom. Die eerste voorstel vir die stigting van 'n plaaslike eenheid het van 'n paar welgestelde winkeliers in die distrik Pietersburg gekom; hulle het ook finansiële hulp aangebied. Maj. Lenehan, 'n Australiër wat deur Kitchener aangestel was om die eenheid te organiseer, het voorgestel dat dit beter sou wees om Australiërs aan te stel wie se dienstermyn verstryk het, asook ander kolonialers en plaaslike Boere ("Joiners") wat die wapen neergelê het. Hulle sou dubbel die betaling van die gewone soldaat ontvang. Ten spyte van hierdie aansporing was daar nooit meer as 350 man in die eenheid nie.[1] Dit was 'n besondere eenheid, gestig vir 'n besondere taak in 'n besondere gebied, nl., om dié gebied te suiwer van Boerekommando's. Meer as 70% van die lede was Australiërs. Dit was 'n rowwe klompie manne wat bymekaar gegooi was; hulle sou in 'n gebied optree waar min respek getoon sou word deur albei kante vir gebruiklike oorlogsreëls — die BVC sou te doen kry met 'n gedugte en desperate vyand.

Die BVC was aangesê om dieselfde taktiek as die Boere te gebruik; hulle sou moes klaarkom sonder artillerie en sonder hoop op versterkings en hulle sou self moes omsien na voedsel — "vechten en vluchten" het die Boere dit genoem. Dit was ordelose oorlogvoering. Die grootste gedeelte van die aktiwiteite van die eenheid sou in die Groot Spelonken-gebied tussen Bandelierkop en Louis Trichardt, en oos daarvan, wees. Malaria, perdesiekte, waterskaarste en kommunikasiegebrek sou krygsoperasies aan albei kante bemoeilik. Hulle moes ook die treinspoor tussen Pietersburg en Pretoria bewaak teen Boere wat gereeld treine op dié trajek opgeblaas het.[2] Kapt. Jack Hindon, baas-Boereverkenner was maar een van die manne wat met sy groep aan dié aktiwiteite deelgeneem het.[3] Die Engelse het later Boeregevangenes in 'n trok voor die lokomotief vervoer sodat hulle eerste in die slag sou bly! Kol. F.H. Hall was bevelvoerder van die Britse besettingsmag in Pietersburg en distrik. Die bevelvoerder van die BVC was Maj. R.W. Lenehan, 'n prokureur uit Sydney. Lenehan was traag om self in die veld te verskyn en het maar verkies om by die garnisoen in Pietersburg te bly. Vroeg in Julie 1901 vestig 'n Britse offisier, kapt. Robertson, 'n voorpos van die BVC in 'n ou staalfort — Fort Hendrina — ongeveer 90 km noord van Pietersburg naby die Switserse sendingstasie, Elim. Hierdie fort was vernoem na die eggenote van kmdt.-genl. Piet Joubert. Die Engelse het dit versterk met grondwalle, gragte en doringdraad en dit herdoop "Fort Edward", na koning Edward VII.[4]

Hierdie afdeling sou 'n sekere kapt. Alfred Taylor, 'n lid van Kitchener se "fighting scouts", bystaan met sy pligte om Boeregroepies dop te hou en oor hulle verslag te doen. Hy het die plaas Sweetwaters se opstal betrek toe genl. Beyers dit ontruim het met die aankoms van die BVC te Fort Edward. Dit was gou vir die manskappe duidelik dat die eintlike gesag oor die BVC by Taylor gelê het en nie by Robertson nie. Die Ier Taylor had 'n bynaam "Bulala" ("doodmaak"). Hy was 'n berugte sadis, het moeilikheid gemaak in swart krale en die witmense het hom nie ver-

1. F.M. Cutlack: *Breaker Morant: A Horseman Who Made History*. Sydney, 1962, pp. 49, 50.
2. Margaret Carnegie & Frank Shields: *In Search of Breaker Morant*, Armadale (Austr.), 1979, p. 44.
3. Gustav Preller: *Kaptein Hindon: Oorlogsavonture van 'n Baasverkenner*, Kaapstad, 1916, p. 211.
4. S.J. Lee: *Krygsverrigtinge in Soutpansberg en Waterberg gedurende die Anglo-Boereoorlog, 1899 — 1902*. Ongepubliseerde werk, Pietersburg, 1973, p. 21 en mondelings.

trou nie. Hy was genadeloos en dit was so reg in Kitchener se kraal, want hy wou die oorlog vinnig tot 'n einde bring.[5] Taylor, sowel as ander Engelse bevelvoerders het Swartes op groot skaal opgekommandeer om te help met die stryd ten spyte van die feit dat Kitchener dit later ontken het.

Om die verhaal verder in perspektief te bring, is dit nodig om iets meer te sê omtrent sekere offisiere van die BVC.

**Henry Harbord Morant**

Henry (ook bekend as Harry) is op 9 Desember 1864 gebore in Bridgwater, Somerset, Engeland. Hy is gedoop Edwin Henry, en sy ouers was Murrant.[6] Op 1 April 1882 verlaat hy op 19-jarige ouderdom Plymouth op die stoomskip Waroonga. In Junie is hy in Queensland en begin sy avontuurlike Australiese loopbaan in Charters Towers waar hy op 13 Maart 1884 met Daisy May O'Dwyer trou, net om haar 'n maand later weer te verlaat.[7]

Morant begin 'n swerwersbestaanU Hy word 'n baasruiter en inbreker van perde, sodat hy die bynaam Breaker Morant kry. Hy het sy naam na Harry Morant verander toe hy sy vrou verlaat het.[8] Hy werk op plase, spandeer sy geld in kroeë en by vrouens, raak betrokke in gevegte, hoop skulde op en lei oor die algemeen 'n roekelose, wilde en luidrugtige lewe. Nogtans het hy baie vriende gehad, was goeie geselskap, hulpvaardig, en boonop 'n digter. Hy het altyd bundels van Browning en Byron in sy saalsak gehad.[9] Sy verse het verskyn in koerante en tydskrifte, hoofsaaklik in die Sydney Bulletin. Hy het menige gebroke vrouhart agtergelaat en het later kwaai gedrink.

In Oktober 1899 breek die Anglo-Boereoorlog uit en dît was so in Morant se kraal. Hy kon nie wag om by die magte in Adelaide aan te sluit nie. As korporaal in 'n berede regiment verlaat hy Australië op die skip Surrey op 26 Januarie 1900. In Kaapstad aangekom, het hy en sy makkers dadelik op tipiese Australiese wyse aan die Engelse vertel hoe om met perde te werk, hoe om hulle te laai en hoe om hulle op te pas en te versorg in tyd van siekte. Die Engelse was in die begin bitter onkundig oor sulke sake. Boonop het die Australiërs ook die Britse offisiere prontuit vertel hoe om die Boer te beveg in sy natuurlike omgewing. Die Britte het immers in die begin nog tradisionele Europese oorlogvoering toegepas.[10] Hierdie optrede van die "blasted Colonial horse-stealers" het die Britte gebelg maar Morant het hom gou bewys as 'n perdekenner en 'n baasruiter. Hy vergesel Roberts se troepe tot met die besetting van Johannesburg en Pretoria.[11] Morant se dienstyd van nege maande verstryk op 31 Julie 1900, sy eenheid vertrek sonder hom na Australië terug en hyself vertrek na Engeland. Daar raak hy bevriend met 'n sekere kapt. Frederick Percy Hunt, wat ook tuisgekom het van die oorlog. Toe Kitchener in Desember 1900 vra vir versterkings reis die twee saam met ander troepe terug na Suid-Afrika.

Nou sluit Morant aan by die BVC en hy word bevorder tot luitenant op 1 April

5. Carnegie & Shields, pp. 53, 55.
6. Carnegie & Shields, p. 5.
7. Sy sou 'n sekere Bates elf maande later trou en sy word die berugte Daisy Bates, vriendin van die oerinwoners ("aborigines") van Australië (brief van Mev. Carnegie aan skrywer, 2 Julie, 1980).
8. Carnegie & Shields, p. 14.
9. Major C.S. Jarvis, *Half a Life*. London, 1943, p. 128.
10. Carnegie & Shields, p. 36.
11. Carnegie & Shields, p. 38.

1901. Op 16 April sluit kapt. Hunt by die eenheid aan. Morant se onverskrokkenheid maak hom vinnig 'n gevreesde en gehate man onder die Boere in Noord-Transvaal. Tipies van die soort oorlogvoering wat hier geheers het, was 'n insident toe brig.-genl. H.C.O. Plumer met Koloniale troepe Pietersburg binnetrek op 8 April 1901. Twee Tasmaniërs, Lt. A.A. Sale en lt. C.H. Waller ry uit na 'n magasyn en word doodgeskiet deur 'n 21-jarige onderwyser Gerard C. Kooijker wat in lang gras agter 'n miershoop versteek lê. Toe Plumer se soldate opdaag, spring hy op, hande in die lug en skree: "Ek gee oor, ek gee oor". Die troepe deurboor hom summier met bajonette onder toejuiging van hulle makkers.[12)] Gevegte langs die spoorlyn was bloedig en daar is waarskynlik brutaliteite gepleeg deur albei kante. Die Boere was kort aan klere en het dooie "Khakis" dikwels gestroop (deur die Boer "uitschudden" genoem) ten spyte van Kitchener se bevel dat 'n Boer wat met "khaki"-klere aan gevang word, onmiddellik geskiet mag word.[13)]

**Peter Joseph Handcock**

Handcock, 30 jaar oud, was 'n veeartseny-luitenant. Hy het op die Spoorweë gewerk in Nu-Suid-Wallis, waar hy 'n grofsmid was. In Suid-Afrika het hy gewerk as 'n hoefsmid. Met sy aansluiting by die BVC word hy onmiddellik bevorder tot luitenant.[14)]

**George Ramsdale Witton**

Soos bogenoemde twee offisiere het Witton ook geen ondervinding gehad as offisier toe hy aangestel word as luitenant in die BVC op 13 Julie 1901 nie.[15)]

**Harry Picton**

Picton het ten minste 'n militêre agtergrond gehad. Sy vader en ander voorsate was soldate. Nietemin was hy geen offisier-materiaal toe hy sy aanstelling by die BVC aanvaar nie. Eintlik was hy maar 'n swerwer, 'n huursoldaat.[16)]

Ander offisiere was Edwards, Mortimer, Baudinet (Australiërs), Noel en Kelly. Onder die onder-offisiere was McInnis, Churton, Silke e.a. Silke en McInnis het volledige dagboeke nagelaat.[17)]

Om terug te keer na die BVC by Fort Edward. Dit was duidelik dat die onervare offisiere min beheer oor die manskappe gehad het. Die manne het beeste van Swartes en Boerevrouens gesteel en weer verkoop, hulle was ongedissiplineerd en het die offisiere gehaat vir enige dissipline wat hulle wel op hulle wou afdwing.

In die begin was Morant met 'n eenheid by Strydpoort gestasioneer. Hy het Boere-eenhede tussen Chuniespoort en Strydpoort lastig geval. Hy was in sy element; hy dring diep in Boere-gebied in, beveg Boeregroepies en maak beeste buit. Hierdie waaghalsige toertjies was so in sy kraal. Toe hy met verlof in Pietersburg was, het hy 'n

---

Carnegie & Shields, p. 47.
Carnegie & Shields, pp. 48, 83.
14. Carnegie & Shields, pp. 76.
15. Carnegie & Shields, p. 78.
16. Carnegie & Shields, p. 76.
17 Carnegie & Shields, pp. 67, 105.

populêre en aangename maat geblyk te wees, en hy was 'n goeie polospeler. Indien hy so voortgegaan het, sou hy moontlik nog met eer uit die stryd getree het. Hy word egter na Ford Edward verplaas toe Hunt oorneem van die onbevoegde Robertson en dit is hier, soos dit sal blyk, waar sy probleme begin het. Hunt versoek dat Morant hom moet bystaan as tweede-in-bevel; lt. C.H.G. Hannan uit Queensland en Picton sluit ook by hulle aan. Witton was toe al daar.

## Die "Ses Boere"-insident

Voordat Hunt vroeg in Julie 1901 oorgeneem het ontvang kapt. Alfred Taylor inligting dat 'n groepie Boere in twee tentwaens naderkom om oor te gee.[18] Op 2 Julie gee Taylor bevel dat "geen gevangenes ingebring mag word nie — indien die witvlag vertoon word, moet dit ignoreer word." Ruiter Heath is een van die ruiters wat hierdie bevel bevestig.[19] Sers.-maj. Morrison paradeer sy manne voor kapt. Robertson en vra of hy die ongewone bevel van kapt. Taylor moet gehoorsaam? Robertson antwoord: "Sekerlik, hy is bevelvoerder by Spelonken." 'n Patrollie onder bevel van sers. Oldham ry die waens tegemoet op die plaas Welgevonden (ook bekend as Gevonden) noordoos van Elim en begin skiet. Toe 'n wit vlag by die voorste wa verskyn, beveel Oldham dat die skietery moet staak daar hy besorg was dat daar vrouens en kinders in die wa mag wees. Toe hy egter vasstel dat die mans alleen was, is hulle doodgeskiet. In die wa het 'n oubaas Geyser te siek aan die "koorts"(malaria) gelê om uit te klim en hy is net daar in die wa deur die kop geskiet.[20] Dit sal later verduidelik word hoedat al die betrokkenes in hierdie voorval aan die Engelse kant, vanaf Taylor tot by die ruiters, onskuldig bevind is aan enige misdaad en vrygespreek is. Hulle was almal Engelse, terwyl Australiërs wat in derglike voorvalle betrokke was, skuldig bevind en ter dood veroordeel is.

Hierdie was die eerste van etlike insidente wat die Australiese regering en sy mense diep getref het; hulle het 'n wrok gekoester jeens Kitchener en die Britse owerheid, wat vandag nog nie heeltemal uitgewis is nie. Daar is tewens bewys van etlike ander insidente waar ongewapende Boere deur Engelse geskiet is, waarna geen haan gekraai het nie.[21]

## Die "Van Buuren"-insident

Terwyl die vrouens van die vermoorde Boere en ander by Fort Edward gewag het op vervoer na die kamp te Pietersburg is opgelet hoe 'n sekere Van Buuren ('n Joiner) aan die vrouens uitwys wie die Boere geskiet het. Hy teken met hierdie gebaar sy eie doodvonnis[22] Die offisiere besluit dat hy nie vertrou kan word nie en kapt. Robertson beveel lt. Handcock om hom uit te wis. Op 4 Julie word 'n patrollie georganiseer en Handcock met vier man, insluitende Van Buuren, Muir, Arthur Churton en Edward Powell neem die linkerflank die bosse in. Churton en Powell vertel[23] hoedat Handcock vir Van Buuren alleen die bos inneem, skote word gehoor en Handcock keer alleen

18. Carnegie & Shields, p. 56.
19. Frank Renar: *Bushman and Buccaneer: Harry Morant*, Sydney, 1902, p. 44.
20. Lee, p. 24; Dorothea Möller-Malan: *Oos van Doornrivier*, 1961, p. 122.
21. P.A. Nierstrasz: *Der Südafrikanische Krieg 1899 — 1902*, Transvaalse Argiefbewaarplek, Leydsargief, 776, Vol. 19, p. 1363/4.
22. Carnegie & Shields, p. 56.
23. (T.A.B.), C.S. Vol. 1092, boek I, geswore getuienis van Powell (p. 5) en Churton (p. 14).

terug. Robertson rapporteer aan hoofkwartier in Pietersburg dat Van Buuren dood is in a skermutseling met Boere.

Lenehan besoek kort hierna die Fort en alhoewel die feite van die insident aan hom verstrek word, rapporteer hy dit nie aan die owerhede nie. Later word hy deur 'n krygsraad berispe en na Australië teruggestuur.

## Toestande by Fort Edward

Op 20 Julie vertrek 20 man in die Pietersburg-rigting om ossewaens met proviand tegemoet te gaan. Daardie aand word 'n vaatjie rum gesteel, almal word dronk en twee man word in hegtenis geneem. Met die aankoms van die waens te Fort Edward verdwyn 'n verdere vaatjie rum en nog arrestasies volg. Sers.-maj. Morrison vlug na Pietersburg. Agt man sit hom agterna maar hulle drink weer rum en almal word in Pietersburg opgesluit. Hulle word egter gou vrygelaat en dit is aan hierdie manne te danke dat aantygings teen die offisiere by die Fort versprei is. Kapt. Hunt en sy tweede-in-bevel, Morant, het nou oorgeneem by die Fort en het begin "skoonmaak". Hulle het onwettige stoomketels vernietig, gesteelde beeste van die ruiters teruggeneem en streng dissipline gehandhaaf. Hierdie nuwe bedeling het die manne nie aangestaan nie en hulle het gevolglik baie vyandiggesind jeens die offisiere geword. Van hulle het dan ook later verpletterende getuienis teen Morant en sy kollegas by die krygsrade gelewer — tewens, een van hulle, ene korp. Sharp, het gespog dat "hy 100 myl na Pietersburg kaalvoet sou afstap om in 'n vuurpeleton te dien om Morant en Handcock te skiet".[24]

## Kapt. Hunt se dood

Ongeveer 100 km suidoos van Fort Edward was die Medingensendingstasie met eerw. Reuter, 'n sendeling van die Berlynse sending, in beheer. Teen die einde van Julie 1901 besoek Reuter en sy familie Fort Edward en hy vertel aan Hunt dat vk. W.H. Viljoen en sy twee seuns in Duiwelskloof woon en hoedat hulle amok maak in die distrik. Hulle konsentreer veral op sers. Frank Eland ('n lid van die BVC) se plaas. Hunt stuur sers. Cecil met Reuter terug en hy word aangesê om te rapporteer oor die Viljoens se doen en late. 'n Paar dae later kom 'n Swart boodskapper aan en vertel dat die Viljoen-kommando elke aand in die plaashuis slaap en dat Cecil en sy manne op die berg beleër word.

Hunt besluit om hulle te hulp te snel.[25] Sers. Eland en ruiter Silke is twee van die veertien man wat saamgaan. Na twee dae se reis kampeer hulle by die stam van koningin Modjaji. Volgens Silke[26] het die Boere wat hulle agtervolg het, gevlug en nou besluit Hunt om Barend Viljoen se huis op die plaas Duiwelskloof aan te val. 'n Groot trop Modjaji's gaan saam, bewapen met assegaaie, stokke, pistole en olifantgewere — Kitchener het blykbaar nie die gebruik van gewapende Swartes goedgekeur nie, maar ... die BVC het hulle eie reëls gemaak!

Alhoewel daar net vyftien Boere in die opstal was, was daar nog 40 van hulle makkers op die nabygeleë plaas van 'n sekere Botha — hierdie manne het dan ook later by die Viljoens aangesluit. Gedurende 'n verbete geveg in die nag van 5 Augustus verloor

---

24. Carnegie & Shields, p. 129.
25. Carnegie & Shields, p. 67.
26. Carnegie & Shields, p. 69.

Hunt en Eland hulle lewens. Toe die manskappe die volgende oggend weer wou aanval, vind hulle die huis velate met twee gesneuwelde Boere daarin, nl. J.J. Viljoen en G. Hartsenberg.[27] Buite vind hulle die lyke van Hunt en Eland, albei geskiet en gestroop en Hunt se lyk geskend. Dit het later aan die lig gekom dat Viljoen se lyk ook gestroop en geskend was. Boere-nedersetters in die gebied het geglo dat Swart toordokters in die nag gekom, en die liggame van beide Hunt en Viljoen geskend het, en liggaamsdele verwyder het vir medisyne.[28]Vervolgens is Hunt in die Medingensendingstasie se begraafplaas begrawe en Eland op sy nabygeleë plaas Ravenshill.

Morant, Witton, Picton en Handcock arriveer die volgende dag met 70 man. Hulle was ontbied deur 'n Swart boodskapper wat die vorige dag na Fort Edward gestuur is. Morant was woedend en onkeerbaar toe hy verneem dat sy boesemvriend, Hunt, se liggaam geskend was, dat sy nek gebreek, en sy gesig verbrysel was deur skoppe en dat hy snye aan sy bene en elders gehad het, en hy sweer weerwraak.

### Die "Visser"-insident

Na 'n nagrus by eerw. Reuter agtervolg Morant en sy manne nou die vlugtende Boere. Toe hulle teen die aand hulle vyande om kampvure bespied, was Morant so gretig dat hy te vroeg die bevel gee om te skiet en na 'n kort skermutseling ontsnap al die Boere buiten een, ene Floris Visser, wat in die hakskeen geskiet was.[29] Hy het klere aangehad wat, volgens Morant, aan Hunt behoort het; dadelik het Morant 'n rede gevind, bo en behalwe weerwraak, om Visser te skiet. Kitchener het naamlik bevele gegee dat Boere met Britse uniform aan summier geskiet kon word.[30] Kitchener het sy manne egter ook verwar deur dikwels bevele van hierdie aard mondelings te gee.[31] Hulle laai die gewonde op 'n kar en vertrek terug na Fort Edward. Op die tweede aand kampeer hulle by 'n riviertjie; na aandete word 'n "standregtelike krygsraad" belê (alhoewel na regte net senior offisiere so 'n krygsraad in die veld kon belê) en daar word besluit dat Visser geskiet moes word. Hy word op die rivierwal neergesit (hy kon nie staan nie) en die vuurpeleton doen sy werk. Picton gee nog met sy pistool 'n genadeskoot deur die kop. Swartes begrawe die lyk op die oewer; Dit was 11 Augustus, 1901.

Alhoewel maj. Lenehan en kol. Hall kennis geneem het van hierdie daad van Morant by monde van lt. Picton en lt. Noel, word hy nie berispe nie. Inteendeel, hy word gelukgewens met sy pogings in die Bosveld en hy word dan ook beskou as offisier-in-bevel te Fort Edward.

### Die "van den Bergh"-insident

Op 'n keer gedurende Augustus of September 1901 het Taylor self 'n sekere Mnr. van den Bergh op sy plaas Paardekraal, agter Hangklip by Louis Trichardt voor sy vrou en kinders doodgeskiet. Dié burger is op sy plaas begrawe.[32]

---

27. Lee, p. 28.
28. Mev. S. Roets (niggie van die Viljoens), Pietersburg.
29. Carnegie & Shields, p. 84.
30. Carnegie & Shields, p. 83.
31. Thomas Pakenham: *The Boer War*. Johannesburg, 1979, p. 335.
32. Lee, p. 36.

## Die "Agt Boere"-insident

Op 22 Augustus oorhandig ruiter Petrie en ander 'n groepie van agt Boere aan sers. Wrench naby die sendingstasie Elim. Hulle het hulleself voorheen oorgegee aan Ledeboer, een van Kitchener se "Intelligence agents." Die volgende dag (23 Aug.) ry Morant, Handcock, sers.-maj. Hammet en etlike ruiters hulle tegemoet. Onderweg gesels Morant privaat met Taylor. Tussen die hospitaal en die Fort, en wel op die plaas Ballymore, word die agt Boere langs die pad geparadeer en die offisiere en manskappe (onder wie Duckett, Thompson en Theunis Johannes Botha) skiet hulle dood.[33]

Lee[34] meld dat daar nog 'n groepie van vier Boere op Ballymore vermoor is, maar geen graf of grafte is bekend nie.

## Die moord op die Duitse sendeling Heese

Carl August Daniel Heese was sendeling op die Berlynse sendingstasie Makapaanspoort by Potgietersrus.[35] In Augustus 1901 neem hy 'n sekere Mnr. Craig, wat 'n winkeltjie had tussen Malokong en Makapaanspoort na die Switserse sendinghospitaal te Elim vir 'n operasie op 'n geswel van die skildklier. Heese sou 'n paar dae oorbly. Toe hy op Vrydagoggend 23 Augustus oudergewoonte vroeg opstaan en die terrein besigtig, kom hy op 'n wa af waarop Boere-krygsgevangenes sit. Hy groet hulle en gesels met 'n sekere W.D. Vahrmeyer, 'n onderwyser van Potgietersrus. Hy word vertel dat hulle bekommerd voel oor 'n gerug dat hulle doodgeskiet sou word. 'n Wag wil Heese arresteer maar hy toon sy reispermit;[36] nog voordat hy vroegmiddag kon vertrek word die agt Boere inderdaad doodgeskiet en hy ry by die toneel verby. Toe Heese by Fort Edward verbyry in sy muilkar, 'n Swart seuntjie met hom, ry Morant hom tegemoet[37] en waarsku hom om liewer op 'n konvooi te wag daar hy deur Boere--groepies lastig geval mag word. Toe hy weier en daarop aandring om voort te reis, word hy aangeraai om tog 'n wit vlag op die muilkar aan te bring.

Heese ry verder en nou volg 'n gebeurtenis tuusen Fort Edward en Bandelierkop waarvan verskeie berigte, verslae en gerugte bestaan. Die feit is dat die sendeling later doodgeskiet in die veld gevind is en die Swart seuntjie wat by hom was eweneens geskiet. J.A. Heese vertel[38] hoedat ene Silas, 'n gedoopte Christen van eerw. Endemann se sendingstasie Kreuzburg op die grootpad deur Heese verbygegaan is. 'n Kort rukkie later jaag 'n Britse offisier te perd by Silas verby. Silas wou nog die sendeling haastig te voet inhaal, maar word vertraag deur ene H. van Rooyen wat per ossewa reis. 'n Ent verder merk Silas dat die spore van die perd die pad verlaat, die bosse in. Hy hoor skote en 'n bietjie verder sien hy die offisier se perd agter die rytuig staan. Toe hy oor die lyk van die Swart seun struikel neem hy angsbevange die wyk en rapporteer die gebeure by Kreuzburg. Silas het sy verhaal in sy taal aan die sendeling O. Krause vertel, wat dit dan vertaal het en op 9 September 1901 aan die bevelvoerder van die Britse magte in Pietersburg gestuur het.[39] Die sendelinge in die gebied vra die owerheid om ondersoek in te stel; 'n boodskap word na Fort Edward gestuur, maar 'n

33. Carnegie & Shields, p. 86.
34. Lee, p. 33.
35. Carnegie & Shields, p. 87.
36. Carnegie & Shields, p. 94.
37. (T.A.B.) C.S. Vol. 1092, boek I, p. 21, Geswore getuienis van Albert van der Westhuizen
38. J.A. Heese: *Grossvater und Grossmutter Heese 1859 — 1959*, p. 87.
39. (T.A.B.) C.S. Vol. 688.

soekpatrollie word eers ses dae later uitgestuur. Heese se lyk word 60 meter van die pad af gevind, deur die bors geskiet, en hy word net daar begrawe. Op 30 Oktober word die lyk opgegrawe en plegtig op Elim herbegrawe, nogal langs die graf van Craig wat intussen ná sy operasie gesterf het. Op 23 Augustus 1904 is Heese se oorskot herbegrawe op sy sendingstasie Makapaanspoort, by Potgietersrus. Gensichen[40] vertel dat 'n Britse offisier die sendeling agternagesit het om "'n ooggetuie uit die weg te ruim." 'n Ander berig lui dat kort nadat Heese Fort Edward verlaat het, hy agterna gesit is deur Handcock, met perd en geweer.[41] Nog 'n verdere berig lui dat Handcock met 'n patrollie agter die sendeling aan is, dat hy sy patrollie in die bos verlaat het en later na hulle teruggekeer het op 'n uitgeputte perd, sonder om te vertel waar hy was.[42] Soos later by die krygsraad sou blyk, het Handcock bewys gelewer dat hy op die dag van Heese se moord vérweg in die teenoorgestelde rigting was, en wel by Mev. Schiel en Mev. Bistow op hulle plase.

'n Sekere kapt. Frederick Ramon de Bertodano, van Spaanse afkoms, is in Australië gebore en ná 'n verblyf in Engeland en Zimbabwe (Rhodesië) word hy in 1900 aangestel as Inligtingsoffisier op Kitchener se staf. Hy was in Pretoria gesetel en was verantwoordelik vir inligting in die Noord-Transvaalse gebied. Hy skryf in 1928 die "ware storie" van die BVC en dié herinneringe is in die Nasionale Argief in Salisbury opgespoor.[43] Hy het dan ook 'n telegram na Fort Edward gestuur om te verneem wat van Heese geword het. Hy ontvang op 29 Augustus 'n telegram wat aandui dat "Heese deur Boere naby Bandelierkop geskiet is."

Toe stuur de Bertodano twee Swart verkenners na Fort Edward om inligting te bekom. Op die negende dag keer een van hulle, Hans, terug en vertel wat hy van ander Swartes verneem het, nl. dat Handcock die seuntjie geskiet het en Morant die sendeling. Morant het blykbaar 'n Swart agterryer gehad wat alles gesien het en dit aan Hans vertel het; hierdie Swartman het later op geheimsinnige wyse "verdwyn" en was daar dus geen ooggetuies om te roep ten tye van die krygsraad, wat sou volg, nie.[44]

## Die "kinder"-insident

Op 5 September was lt. Hannam by Reuter se sendingstasie toe 'n groepie Boere, mans, vrouens en kinders laat weet dat hulle inkom om oor te gee. Hannam, met korp. Ashton en ruiters Hampton, Gibbald, Hatfield en Maynard ry hulle tegemoet. Met die ontmoeting begin hulle onmiddellik skiet ten spyte van die geskree van vrouens en kinders.[45] Twee seuntjies word doodgeskiet en 'n dogter word in die nek gewond.[46] Hulle was Jan Derk (13), Jacobus Daniel (5) en Elizabeth Maria, kinders van 'n sekere Grobler en sy vrou, Elizabeth Maria.[47]

Volgens Renar[48] is dit moontlik en ook waarskynlik dat nog moorde van hierdie aard plaasgevind het wat nooit gerapporteer was nie. Daar is bv. die brief van R.M.

---

40. M. Gensichen: *Bilder von userm Missionsfelde in Süd- und Deutsch-Ost Afrika*, 1902, p. 400.
41. G.R. Witton: *Scapegoats of the Empire: The Story of the Bushveldt Carbineers*, Melbourne, 1907, p. 142.
42. Gensichen, p. 400.
43. Carnegie & Shields, p. 44, 91.
44. Carnegie & Shields, p. 99.
45. Carnegie & Shields, p. 87.
46. (T.A.B.) C.S. Vol. 1092, boek II, p. 83, geswore getuienis van Jacob Hatfield.
47. (T.A.B.) C.S. Vol. 1092, boek I, p. 55/56.
48. Renar, p. 20.

Cochrane (hy was waarskynlik 'n inligtingsagent) aan maj. Bolton waarin hy vertel van die poging van lt. Lewis van die BVC om ruiter Homan te vermoor, die verwonding van 'n Boeremeisie blykbaar deur Tony Schiels van "Intelligence", die moord op 'n swartman deur kapt. Taylor toe hy nie inligting wou verskaf oor 'n versteekte Boer nie, en nog 'n insident deur korp. Sharp gerapporteer.[49] Daar was ook die keer toe ruiter Paul Cullen op 24 Augustus onder die koeëls beland het, oënskynlik deur sy eie offisiere, Morant en Handcock, afgevuur, en die verklaring deur ruiter Brown oor die beplande vergiftiging van 45 Boeregevangenes te Fort Edward met pille.[50] Dit alles was maar 'n aanduiding van die BVC se handelswyse in hierdie onstuimige tydperk. Morant het beweer dat hy direkte bevele ontvang het van Hunt, wat dit op sy beurt van kol. Hamilton, Kitchener se militêre sekretaris, gekry het. om "geen gevangenes in te bring nie." Morant en sy mede-offisiere het dit interpreteer as 'n stilswyende bevel (of aanbeveling) om sulke Boere liewer van kant te maak.

## Die "drie Boere"-insident

Op 7 September bereik nuus die Fort dat drie Boere op pad was om oor te gee. Hulle word tegemoet gery deur Morant, Handcock, Witton en Botha. Naby kapt. Taylor se huis op Sweetwaters word hulle koelbloedig doodgeskiet. Silke skryf in sy dagboek dat Botha die kind geskiet het.[51] Hierdie moord het amper tot muitery onder die manskappe gelei. 'n Groep van vyftien manskappe en onder-offisiere rig op 4 Oktober 1901 'n protesskrif[52] aan kol. Hall in Pietersburg, maar Hall neem geen notisie daarvan nie. Dit was dan eintlik de Bertodano wat dinge tot 'n punt gebring het toe hy ondersoek begin instel het na Morant en Handcock, nadat hy juis al Taylor se doen en late onder oënskou gehad het.

## Tom Kelly word gevang

Terwyl de Bertodano se ondersoeke aan die gang was, het die Boere-aktiwiteite weer sterk na vore getree. John Thomas Kelly (1848-1923) was een van die mees gevreesde leiers van ongereëlde groepies Boere in Noord-Transvaal. Hy was 'n uithaler ruiter en skut en was veral ook doenig met die opblaas van treine. Dit was vir die Engelse 'n dringende saak dat hy gevang moes word. Morant, Witton en 30 man verlaat die Fort op 16 September en na 'n lang tog word Kelly, met sy nege man, naby die grens van Mosambiek betrap en gevange geneem.[53]

Morant word veertien dae verlof na Pietersburg toegestaan en met sy terugkeer na Fort Edward word hy gearresteer. Op 21 Oktober 1901 word lte. Handcock en Witton en sers.-maj. Hammet onder arres geplaas, asook lt. Picton by Chuniespoort en lt. Hannam by Reuter se sendingstasie. Taylor word herroep na Pietersburg. Nog dieselfde maand word die BVC ontbind en word hulle vervang deur die "Pietersburg Light Horse", maar hierdie eenheid was onbekwaam en gen. Beyers neem weer beheer oor in die gebied.

---

49. (T.A.B.) C.S. Vol. 1092, boek II, p. 91.
50. (T.A.B.) C.S. Vol. 1092, boek I, p. 11, geswore getuienis van Paul Gullen; boek II, p. 71, geswore getuienis van Ernest Garnett Brown.
51. Carnegie & Shields, p. 88.
52. (T.A.B.) C.S. Vol. 1092, boek II, p. 37.
53. Carnegie & Shields, p. 102.

## DIE HOF VAN ONDERSOEK

Hierdie militêre hof, in Pietersburg gesetel, was aangesê om die doen en late van die BVC in die Soutpansberg-gebied te ondersoek — dit was die Britse weermag se idee van 'n "grand jury" om 'n saak by die krygsraad voor te lê. Die president van die hof was kol. Carter, sy sekretaris kapt. Evans en daar was nog een lid, maj. Bolton. Die eerste sitting het op 6 November 1901 plaasgevind en het vier weke geduur; die hof oorweeg sy bevindings 'n verdere twee weke en dit word duidelik dat die hoofaanklag teen Morant, Handcock, Witton en Picton sou wees. Gedurende hierdie hele tydperk word dié persone, sowel as drie ander Australiërs, nl. maj. Lenehan, lt. Hannam en sers.-maj. Hammet en ook nog Taylor in eensame opsluiting aangehou. Geen persoon, nie eens die gevangeniskapelaan, was toegelaat om hulle te besoek of te spreek nie; hulle kon geen advies vir hul verdediging bekom tot die aand voor die krygsraad begin het nie, en hulle kon ook nie met mekaar kommunikeer nie.[54] Totdat die krygsraad met sy sitting begin het, was hulle onbewus van die klagtes teen hulle. Hulle het almal gemeen dat hulle hulle pligte vervul het volgens aanbevelings en bevele van hoër outoriteit.[55]

## DIE KRYGSRADE

Op 16 Januarie 1902 begin die sitting van die eerste krygsraad te Pietersburg met lt.kol. H.C. Denny as president en ses lede. 'n Sekere maj. J.F. Thomas van die "New South Wales Mounted Rifles", 'n plattelandse prokureur van Tenterfield, Nu-Suid-Wallis, sou maj. Lenehan verdedig maar willig tog in om namens die ander beskuldigdes te verskyn.[56] Die krygsrade is in die geheim gehou, teenstrydig met "King's Regulations" wat bepaal dat alle krygsrade oop moet wees vir die publiek, siviel sowel as militêr, en vir die pers.[57]

'n Ironiese situasie doen hom voor toe gen. Beyers gedurende die nag van 22/23 Januarie, om halfdrie die oggend, met 40 man die Pietersburgse konsentrasiekamp aanval en 148 Boere-gevangenes bevry. Die beskuldigdes word bewapen en veg verbete teen die aanslag. Ná Beyers se terugtrekking word Morant en sy makkers weer ontwapen en die hofsitting gaan dieselfde dag voort "soos gewoonlik." Australiese skrywers[58] is die mening toegedaan dat die verloop van en die verslae omtrent die Hof van Ondersoek en die Krygsrade onregverdig gevoer was, dat die Britte geheimhouding toegepas het, dat Kitchener die hele saak toegesmeer het en dat hy vals inligting aan die Australiese regering verskaf het: boonop het sommige geglo dat Morant en Handcock uiteindelik gefusilleer is as vergelding vir die moord op die Duitse sendeling ('n klag waarop hulle onskuldig bevind is — kyk later), op aandrang van die Duitse regering. Hierdie siening word egter deur onlangse navorsers as 'n wanopvatting bestempel. Hoe dit ook al sy, die feit bly staan dat geen navorser nog ooit 'n volledige verslag van die Hof van Ondersoek of van die Krygsrade uit die "War Office" in Engeland kon kry nie. Tewens, "The Times" se sewe-volume "History of the War in South Africa" verwys net terloops na die BVC en noem glad nie die insidente of die

54. Cutlack, p. 76.
55. Cutlack, p. 80.
56. Cargenie & Shields, p. 116; Cutlack, p. 76; Witton, p. 82; Renar, p. 30; S.B. Spies, *Methods of Barbarism?* Kaapstad, 1977, p. 276; Pakenham, pp. 538/9.
57. Carnegie & Shields, p. 123.
58. Renar, Witton, Cutlack, Carnegie & Shields.

krygsrade nie.[59] Cutlack skryf: "I have requested from the War Office permission to peruse the court-martial proceedings in the Morant case — now sixty years old — and have been officially informed that these documents 'are no longer in existence'."[60] Mev. Carnegie is in 1979 in kennis gestel dat die krygsraad-dokumente vernietig is.[61] In Witton se boek verskyn die enigste (helaas onvolledige) verbatim verslag van die getuienis en ook die bevindings van die krygsrade.[62]

Opsommend het die verrigtinge as volg verloop:

**Die "ses Boere"-insident en die "Van Buuren"-insident**

Die Offisier-in-bevel in Pietersburg, kol. F.H. Hall, het kapt. Robertson en sers.-maj. Morrison vrygeskeld van die moord op die ses Boere. Nog voor die krygsraad met sy sitting begin het, is Hall al na Indië verplaas. Robertson het kroongetuie geword. Hy, sowel as Morrison en Taylor is onskuldig bevind. Vir Van Buuren se dood is alleen maj. Lenehan gestraf omdat hy versuim het om dit te rapporteer. Ook het hy versuim om die moord op die drie Boere te rapporteer. Lenehan is berispe en is teruggestuur na Australië. Volgens berigte en oorlewering is Taylor uiteindelik terug na Zimbabwe waar hy glo deur Van Buuren se broer in 'n kroeg doodgeskiet is. Dit is onjuis. Volgens stukke in die Nasionale Argief in Salisbury is Taylor op 24 Oktober 1941 te Bulawayo oorlede aan galblaasontsteking en longontsteking.[63]

**Die "Visser"-insident**

Morant se verweer was dat hy die bevele van hoër offisiere (in der waarheid, kol. H.I.W. Hamilton, Kitchener se militêre sekretaris) uitgevoer het, nl. dat hy geen prisoniers moet inbring nie, en dat hy 'n Boer geskiet het wat Britse uniform aangehad het. Uit getuienis was dit egter duidelik dat weerwraak 'n groot rol in Morant se beslissing gespeel het. Morant het soos 'n besetene tekere gegaan omdat hy geglo het dat dit Boere was wat sy vriend Hunt se liggaam geskend het. Sowel Hunt as Viljoen se liggaam was geskend en, omdat beide Engelse en Boere dié nag die terrein verlaat het, word geglo dat dit tog Swart toordokters was wat opgedaag het en die liggamsdele verwyder het vir rituele doeleindes. Mev. Roets van Pietersburg vertel dat haar moeder, 'n suster van Viljoen, dikwels vertel het hoedat Swartes die oggend voor die geveg by die huis opgedaag het en gedreig het om Viljoen te vang en sy vingers en sy kop af te sny. Die familie glo dus dat dit hulle en/of toordokters was wat die betrokke nag ná die geveg die liggame van Hunt en Viljoen geskend het.[64]

Morant is skuldig bevind aan die moord op Visser en sy makkers, Handcock, Witton en Picton skuldig aan manslag.

**Die "agt Boere"-insident**

Vir die moord op die agt Boere word Morant, Handcock en Witton skuldig bevind. Morant se verweer was dat hy weer eens bevele van senior offisiere uitgevoer het "om geen gevangenes in te bring nie."

59. Cutlack, p. 19.
60. Cutlack, p. 11.
61. Carnegie & Shields, p. x.
62. Witton, pp. 76, 92.
63. Lee, p. 52; *Rhodesia Herald,* 25 Okt. 1941; Nas. Argief, Salisbury, S. 1212
64. Lee, p. 29; Mev. S. Roets, Pietersburg.

## Die moord op die Duitse sendeling Heese

'n Tweede krygsraad word vir hierdie ondersoek aangestel met lt.-kol. F. McBean as president en ses lede. Handcock word aangekla van die moord op bevel en aanhitsing van Morant. Daar was omstanddigheidsgetuienis deur verskeie persone, insluitende H. Van Rooyen, maar daar was geen ooggetuienis nie. Handcock het 'n stewige alibi gehad in soverre hy beweer het dat hy op die dag van die moord tot na middagete by Mev. Schiel op haar plaas was en by Mev. Bristow tot sonsondergang. Albei dames het aldus getuig voor die krygsraad. Renar meld ook dat Mnr. Bristow en Mev. Schiel se twee seuns getuig het dat Handcock op die besondere dag by hulle was.[65] Die hof kon nie anders as om die twee beskuldigdes onskuldig te bevind nie, alhoewel daar sprake was dat die meeste lede tog geglo het dat hulle skuldig was maar dat geen bewyse gelewer kon word nie. Ná die onskuldigbevinding stuur twee lede van die krygsraad ses bottels sjampanje aan die beskuldigdes en hulle word toegelaat om in die gevangenis te fuif.

## Die "drie Boere"-insident

Morant en Handcock word daarvan aangekla dat hulle sekere ruiters en 'n korporaal beveel het om dié drie Boere dood te skiet. Hulle word skuldig bevind.

Die volledige bevindings van die krygsrade word gevind in Carnegie en Shields se boek.[66]

Gedurende die sitting het die krygsraad op 24 Januarie na Pretoria verskuif om getuienis van kol. Hamilton, Kitchener se militêre skeretaris, aan te hoor. Die hof het net twee vrae aan hom gestel, nl. of hy ooit bevele uitgereik het dat geen Boere--gevangenes ingebring moet word nie, en of hy ooit met kapt. Hunt gepraat het? Sy antwoord op albei vrae was eenvoudig "nee." Dit word vertel dat hy besonder opgewonde en angstig voorgekom het gedurende die ondervraging.[67]

Op 31 Januarie verskuif die hof hom weer na Pietersburg. Naby Warmbad hou die trein stil, die gevangenes word bewapen en word aangesê om die trein te help verdedig aangesien daar gerugte was van Boere in die omgewing. Toe die gevaar verby is word hulle ontwapen en die reis gaan voort.

In 'n stadium het Handcock blykbaar onder dwang en groot spanning (soos hyself gesê het:" .... net om kol. -- tevrede te stel") beken dat hy skuldig was aan die moord op Heese en ander moorde.[68] In die hof het hy hierdie bekentenis teruggetrek.[69] Die geskrewe bekentenis is nooit deur die hog voortgebring nie, nóg kon dit ooit in later jare gevind word. Wrench en Theunis Botha het kroongetuies geword.

Die beskuldigdes is nie in kennis gestel van die bevindings van die hof nie. Op die aand van 20 Februarie eet die laaste oorblywende lede van die BVC nog lekker saam in die Pietersburgse gevangenis met hulle verdediger maj. Thomas, as hulle gas.

Die volgende oggend, 21 Februarie, word almal vroeg gewek; Morant, Handcock, Witton en Picton word geboei en hulle word per trein na Pretoria vervoer. Die volgende dag is hulle in die Pretoriase gevangenis en hulle word eers vier dae later, op

65. Renar, p. 46.
66. Carnegie & Shields, p. 188.
67. Witton, p. 92.
68. Cutlack, p. 77, 111; Witton, p. 78.
69. Witton, p. 79.

26 Februarie, verwittig van hulle vonnisse. Morant en Handcock word vertel dat hulle die volgende oggend geskiet sou word! Witton was ter dood veroordeel maar sy vonnis is deur Kitchener tot lewenslange tronkstraf versag. Picton, die Engelsman, word eenvoudig afgedank en sy uniform, rang en dekorasies word hom ontneem.

Maj. Thomas was verslae en oorbluf. Hy haas hom na hoofkwartier om te pleit vir versagting of uitstel. Kitchener het egter gesorg dat hy uitstedig was vanaf die oomblik toe hy die vonnisse bekragtig het. Alle pogings tot begenadiging was vrugteloos.

Om sesuur die oggend van 27 Februarie 1902 word Morant en Handcock gefusilleer deur agttien man van die Cameron Highlanders onder bevel van lt. Thompson. Morant rook 'n laaste sigaret, weier om geblinddoek te word en sê op hoogs tipiese Australiese wyse: "Shoot straight, you bastards, don't make a mess of it!" Australiese mede-soldate het hulle lyke geneem en gesorg dat albei behoorlik in een graf begrawe word in die Pretoriase begraafplaas.

Die Australiese regering het eers heelwat later te hore gekom van die krygsrade, vonnisse en fusillering van sy soldate. Erg onthuts eis hulle 'n verduideliking van Kitchener wat toe op 5 April 'n berugte telegram aan die Goewerneur-generaal stuur, wat volledig in die Australiese pers gepubliseer word op 7 April 1902:[70]

"In reply to your telegram, Morant, Handcock and Witton were charged with twenty separate murders, including one of a German missionary who had witnessed other murders. Twelve of these murders were proved. From the evidence it appears that Morant was the originator of these crimes which Handcock carried out in cold-blooded manner. The murders were committed in the wildest parts of the Transvaal, known as Spelonken, about eighty miles north of Pretoria on four separate dates namely 2nd July, 11th August, 23rd August and 7th September. In one case, where eight Boer prisoners were murdered, it was alleged to have been done in a spirit of revenge for the illtreatment of one of their officers — lieutenant Hunt — who was killed in action. No such ill-treatment was proved. The prisoners were convicted after most exhaustive trial, and were defended by counsel. There were, in my opinion, no extenuating circumstances. Lieutenant Witton was also convicted but I commuted the sentence to penal servitude for life, in consideration of his having been under the influence of Morant and Handcock. The proceedings have been sent home."

Hierdie telegram het onwaarhede en verdraaiings bevat wat die Australiese volk nog meer onthuts het:

1 'n Ooglopende geografiese fout.

2 Die Australiese soldate is nie aangekla van "20 afsonderlike moorde" nie, nog van "moorde in Julie" nog van ander moorde.

3 Hulle is onskuldig bevind op die aanklag van moord op die Duitse sendeling. Dit was die algemene indruk dat as dit nie vir Heese se moord was nie, daar geen krygsraad sou gewees het nie; verslae van optrede teenoor ongewapende Boere is oor die algemeen deur hoër outoriteite geïgnoreer.

4 Dit is onwaar dat geen bewyse van mishandeling van Hunt se liggaam gelewer is nie. Die krygsraad het sulke bewyse aanvaar asook die provokasie wat dit veroorsaak het, aangehaal as rede vir aanbeveling tot begenadiging van die beskuldigdes.

5 Kitchener se bewering dat daar geen versagtende omstandighede was nie, weerspreek totaal die duidelike aanbevelings van die hof tot begenadiging.

6 Australiërs glo nog dat Kitchener die verrigtinge gesmoor het ten tye van die

---

70. Cutlack, p. 103; Carnegie & Shields, p. 155.

krygsrade en daarna, en is gegrief dat geen offisiële verslag van die hof se ondersoeke ooit die lig gesien het nie.

Toe Kitchener Australië in 1910 besoek, word hy genooi om 'n gedenkteken te Bathurst, Nu-Suid-Wallis (Handcock se tuiste) te onthul, waarop die name van vrywilligers van die distrik wat in Suid-Afrika geveg het, verskyn. Handcock se naam was nie op die gedenkteken nie[71] maar dit is uiteindelik tog op 1 Maart 1964 weer daarop aangebring.[72]

'n Paar dae ná die teregstelling van Morant en Handcock word Theunis Botha op sy wit hings voor die gevangenis in Pretoria deur 'n onbekende persoon doodgeskiet, waarskynlik 'n Boer wat Botha beskou het as 'n verfoeilike verraaier.[73]

Witton is na Engeland vervoer waar hy op 2 April aangekom het en waar hy in tronke te Gosport, Lewes en Portland aangehou is. 'n Petisie aan die koning, geteken deur 100 000 Australiërs wat pleit vir sy vrylating word deur die "War Office" geïgnoreer. Vroeg in Julie 1904 word hy wel vrygelaat, hoofsaaklik deur bemiddelling van Agbare J.D. Logan van Kaapstad (die "Laird of Matjesfontein"). Witton verlaat Liverpool op 29 September en is terug in sy vaderland op 12 November 1904. In 1907 verskyn sy boek "Scapegoats of the Empire" waarin hy die storie van die BVC vertel.

## NABETRAGTING

Morant het skuld erken op die moord op ongewapende Boere maar hy het geglo dat hy net bevele gehoorsaam het. By die krygsrade het hy alle blaam aanvaar en gesê dat die ander maar net sy bevele uitgevoer het. Die omstandighede van die moord op die Duitse sendeling het eers 27 jaar later helder geword toe Witton, wat 'n suiwelboer op Gippsland geword het, op 21 Oktober 1929 aan maj. Thomas skryf.[74] Hy meld dat Morant hom vertel het dat Handcock 'n bekentenis gemaak het ten opsigte van al die moorde, dié van Heese inkluis. Witton het Handcock kort hierna gesien wat hom laat verstaan het dat "Morant asked me if I was game to follow the missionary and wipe him out."

Witton het hulle albei op die aand van die moord by aandete gesien. Morant het Handcock beweeg om sy vorige bekentenis te weerspreek en die twee het toe gekonkel om 'n alibi te vestig. Hulle was suksesvol en dit het gelei tot hulle vryspreking op die aanklag van moord op Heese. Witton se mening was dat indien daar geen Heese--insident was nie, sou die skiet van Boere-gevangenes nie veel aandag getrek het nie. Hy meen egter die moord op die sendeling was voorbedag en 'n hoogs koelbloedige affêre. "Handcock het persoonlik alles aan my vertel; maar, omdat Morant en Handcock onskuldig bevind is, was my lippe verseël." Waarom was Witton se lippe vir 27 jaar verseël? Moontlik ter wille van Handcock se familie, wat geglo het aan sy onskuld. Hierdie brief van Witton is in die Mitchell-biblioteek in Sydney bewaar en volgens voorskrif eers in 1970 openbaar gemaak.[75]

Die bewering dat die Duitse Regering by die Britse Regering daarop aangedring het dat iemand gestraf moes word vir die moord op Heese[76] en dat Morant en Hand-

71. Cutlack, p. 104.
72. Bathurst District Historical Society, brief aan skrywer, 9 Nov., 1980.
73. Dorothea Möller-Malan, *Historia*. 1958, Nr. 4, p. 266.
74. Carnegie & Shields, p. 149, 168.
75. Carnegie & Shields, p. 150.
76. Witton, p. 19; Cutlack, pp. 17/18, 112.

cock daarvoor tereggestel is ten spyte van hulle onskuldigbevinding deur die krygsraad, en die bewering dat Kitchener die gebeure wou toesmeer,[77] moet verder ondersoek word. Op 8 April 1902 sê Lord Granborne, Ondersekretaris van Buitelandse Sake in die Britse Parlement dat geen boodskap van die Duitse Regering aan die Britse Regering ontvang is nie.[78] Dit ly egter geen twyfel nie dat die Britte sensitief was vir moontlike Duitse protes en dit het Kitchener moontlik aangespoor om die gevalle wel spoedig voor 'n krygshof te bring. Kitchener het naamlik persoonlik die ondersoek gelas en beveel dat dit bespoedig moet word. Die dag ná die teregstelling word inligting insake die oortredings en die vonnisse in "Army Orders" gepubliseer. Spies meen dat daar min rede is om te dink dat Kitchener die saak wou "toesmeer."[79]

Daar was egter baie aspekte van die behandeling van die Australiërs deur die Britte wat die mense in Australië gegrief het. Só was daar die feit dat die Australiërs skuldig bevind is aan die moorde op Visser, die agt Boere en die drie Boere, terwyl die Engelse Taylor, Robertson en Morrison vrygespreek is van die moord op die ses Boere; daar was onregverdige handelswyses gedurende die Hof van Ondersoek en die Krygsrade, geheimhouding van die vonnisse tot die laaste dag, en nog veel meer. Ook is daar bewyse van moorde op ongewapende Boere deur Engelse waarna geen haan gekraai het nie.[80]

Toe die Eerste Wêreldoorlog in 1914 uitbreek, het die Australiese Regering manskappe gestuur op voorwaarde dat geen Australiese offisier of manskap deur Britse krygsrade in die veld ter dood veroordeel mag word nie.[81]

Vandag, 79 jaar ná die gebeure, word Morant nog in Australië beskou as 'n persoonlikheid aan wie onreg gedoen is. 'n Rolprent wat sy lewe en avonture uitbeeld is in Julie 1980 in Australië voltooi en vrygestel.

## DIE"SLAGVELD" VANDAG

Skrywer en sy gade het gedurende Mei 1980 'n besoek gebring aan die betrokke gebied waar die BVC aktief was en 'n poging is aangewend om plekke en grafte van persone betrokke in die verhaal op te spoor en te indentifiseer.

### Fort Hendrina

Hierdie staalstruktuur is een van drie ysterforte wat in 1887 deur die regering van die Z.A.R. bestel is. In 1888 is hierdie fort op die plaas Klipdam opgerig en is daarna verskeie male verskuif totdat dit beland het op Lovedale Park naby Elim. Die fort is vernoem na Hendrina, die eggenote van kmdt.-genl. P.J. Houbert. Net na die Mphephu-oorlog van 1898 is die fort verskuif na Louis Trichart. Die Engelse het dit weer daar gaan haal en dit opgerig op die plaas Sweetwaters, waar dit versterk is met walle, gragte en doringdraad. Dit het toe ook die naam Fort Edward gekry. In 1969 is dit weer eens verskuif na Louis Trichardt, waar dit vandag op 'n plein gesien kan word. Koeëlmerke kan nog duidelik aan die staalstruktuur gesien word.

77. Cutlack, p. 19.
78. Spies, p. 277.
79. Spies, p. 278.
80. Lee, pp. 11, 12, 13, 15, 23, 31
81. Cutlack, p. 22.

## DIE GRAFTE VAN DIE BETROKKENES

### Die Duitse sendeling Carl August Daniel Heese

Soos gemeld is Heese eerstens begrawe op die plek waar hy vermoor is: in die veld langs die pad tussen Fort Edward en Bandelierkop. Daarna is sy oorskot verskuif na Elim en uiteindelik is hy op 23 Augustus 1904 (die derde verjaardag van sy moord) herbegrawe op sy sendingstasie Makapaanspoort aan die wesgrens van Potgietersrus. Die kopstuk bestaan uit 'n mooi swart marmerkruis met die eenvoudige grafskrif op die plint:

Hier ruhet in Gott
der Missionar
Daniel Heese
24. Febr. 1867,
23. Aug. 1901.

Op die dwarsstuk van die kruis staan die teks:

Wir wissen aber, dasz denen die Gott lieben, alle
Dinge zum Besten dienen
Röm. 8, 28

Heese se kerk en groot woonhuis met veranda rondom, staan nog stewig op die sendingstasie. Vandag is daar 'n Swart prediker.

### Craig

Die pasiënt wat Heese na Elim vervoer het, het na sy operasie gesterf en is in die Elimse begraafplaas begrawe.

### Kaptein Percy Frederick Hunt

Hierdie offisier van die BVC wat naby Reuter se sendingstasie gesneuwel het in die geveg met die Viljoens op 5/6 Augustus 1901 is in die Medingen-sendingstasie-begraafplaas begrawe.[82] Dit is onseker of sy oorskot later verskuif is na die "Garden of Remembrance" in die Pietersburgse begraafplaas. waar sy naam wel verskyn op die senotaaf tesame met dié van ander lede van die BVC:

CAPT. HUNT F.P. 6-8-01
SGT. ELAND F. 6-8-01
PTE. BURGESS T.W. 29-6-01
PTE. HENDERSON N. 21-6-01
PTE. MODOCOSE A. 10-8-01
TPR. RODGERS D. 3-11-01
TPR. VAN BUUREN 4-7-01

Hunt se grafsteen staan inderdaad nog op Medingen met die grafskrif:

SACRED TO THE MEMORY OF
MY SON
CAPTAIN PERCY FREDERICK HUNT
DIED AUG. 6, 1901
IN THE SERVICE OF HIS COUNTRY
ERECTED BY HIS MOTHER

82. Carnegie & Shields, photo, p. 75.

Eland se oorskot rus beslis nog op sy plaas Ravenshill, ook naby Medingen en Duiwelskloof (kyk later) alhoewel sy naam op die senotaaf te Pietersburg voorkom. Die inskripsie op die senotaaf lees as volg:

1899 (kroon) 1902
IN PROUD REMEMBRANCE

---

SOLDIERS ORIGINALLY BURIED AT
CHUNIESPOORT, FORT EDWARD,
HAENERTBURG, NABOOMSPRUIT,
NYSLTROOM AND DISTRICT,
AND WARMBATHS NOW LIE BURIED
HERE AT PIETERSBURG

---

**Van Buuren**

Hierdie lid van die BVC wat deur sy makkers vermoor is, is oorspronklik by Fort Edward begrawe. Sy naam verskyn dan ook op die bg lys van soldate wat vroeër elders begrawe was maar wie se oorskot nou te Pietersburg rus.

**Sersant Frank Eland**

Eland is saam met Hunt gedood tydens die geveg met die Viljoens en hulle manskappe gedurende die nag van 5/6 Augustus 1901. Hy is begrawe op sy plaas Ravenshill hoog op die berg naby Reuter se sendingstasie net buite Duiwelskloof. Die grafskrif op die wit marmersteen lees as volg:

Frank Eland,
Born June 13, 1873.
Died August 6, 1901.

— — —

In his Country's service.

— — —

"He that loseth his life shall find it"

— — —

Dit is interessant dat dieselfde bybelteks wat op Eland se grafsteen verskyn, ook gevind word op Handcock en Morant s'n.

Eland se vrou,Dora,lê langs hom begrawe, en sy moeder naby. Daar is ook die graf van Hugh Merton Graham 1887 - 1961. Graham was die eggenoot van Mev. Dora M. Graham, Eland se dogter. Dié liewe ou dame van 80 woon nog in die distrik en het skrywer en sy vrou vergesel na haar vader en moeder se grafte asook na die graf van eerw. Reuter te Medingen.

**Lt. A.A. Sale en lt. C.H. Waller**

Hierdie twee Australiërs wat op 8 April 1901 met die Britse besetting van Pietersburg deur Gerard Kooijker geskiet is se name verskyn eweneens op die senotaaf

(tesame met dié van 'n makker, Brown). Hulle eenheid was die "Tasmanian Imperial Bushmen."

**Gerard C. Kooijker**

Hierdie Boer, wat bg twee Tasmaniërs geskiet het, tesame met manskap Fraser en 25 perde, en summier deur die Britte vermoor is toe hy hande-in-die-lug wou oorgee, is in die Pietersburgse begraafplaas begrawe. Die graf is netjies omring deur staalstawe en die grafskrif vertoon nog duidelik op die grafsteen:

RUST IN VREDE
HIER
RUST HET STOFFELIJK
OVERSCHOT VAN
GERARD C. KOOIJKER
OUD 21 JAREN
GESNEUWELD BIJ DE
BRITSCH OCCUPATIE
VAN PIETERSBURG
DEN 8STEN APRIL, 1901

TER HERINNERING VAN
ZIJNE VRIENDEN TE
CAROLINA PRETORIA
EN
PIETERSBURG

**Die Duitse sendeling Friedrich Ludwig Reuter**

Reuter se sendingstasie was Medingen in die berge noord van Duiwelskloof. Hy het met groot moeite neutraal gebly want hy moes vriendelik teenoor die Engelse wees terwyl die Boere ook aanhoudend by hom aangeklop en gekuier het. Hy het geleef tot 1940 en is op sy sendingstasie begrawe. Die kopstuk van die graf bestaan uit 'n mooi granietkruis en plinte. Die grafskrif lui as volg:

HIER RUHET IN GOTT
IM GLAUBEN AN GOTT UND SEINEN
ERLÖSER
DER MISSIONAR
FRIEDRICH LUDWIG REUTER
GEBOREN
22 AUGUST 1848
ZU LOEWENBRUCH
GESTORBEN
9 JULI 1940
ZU MEDINGEN

Daar is onontsyferbare geskrif op die plinte.

**Die grafte van die Viljoen-familie en makkers**

Tussen Eland se plaas en Medingen aan die noordekant en Duiwelskloof-dorp na

die suidooste, lê die plaas Duiwelskloof waar die geveg tussen die Boere in Viljoen se huis en Hunt en sy manne plaasgevind het op 5/6 Augustus 1901. Met groot moeite kan 'n groepie grafte diep versteek in die bos gevind word. Daar is een grafsteen, in voorkoms presies soos dié oor die Boeregrafte in die omgewing van Elim. Hoewel dit bekend is dat net twee Boere (J. Viljoen en Hartsenberg) in die geveg gesneuwel het,[83] bevat die grafsteen inderdaad nege name. Die steen lê plat, is gemaak in die vorm van 'n boekrol en die grafskrif lui as volg:

HELDEN VAN ZUID AFRIKA
VIR
VADERLAND
EN
VRYHEID 99 — 02

V-K B. VELJOEN
J. VELJOEN
G. HARTSENBERG
P. SCHOEMAN
D. SWARTS
A. SNEL
J. SNEL
M. SCHOEMAN
GROBLER

Buiten J. Viljoen en Hartsenberg, het die ander persone elders en op ander datums gesterf.

Visser

Alhoewel Carnegie en Shields beskryf hoedat Visser op 'n rivierwal naby Duiwelskloof geskiet is[84] is daar 'n ander berig dat hy naby Bandelierkop vermoor is[85]. Dit is nie bekend waar sy graf is nie.

**Die Boere van die "ses Boere"-insident**

Alhoewel alle beskrywings van hierdie moorde meld dat die insident op die plaas Welgevonden (Gevonden) plaasgevind het en dat die slagoffers op die plaas begrawe is, vind 'n mens vandag dat die graf inderdaad op die plaas Morgenzon is, naby die grensdraad met Gevonden. Daar is 'n eenvoudige grafsteen in die vorm van 'n boekrol wat feitlik platlê met die grafskrif nog baie duidelik:

HELDEN VAN ZUID AFRIKA
VIR
VADERLAND EN VRYHEID 99 — 02
J.F. VERCUUL
F.G.J. POTGIETER
GEISER
GEISER
GREELING

83. Lee, pp. 28, 56.
84. Carnegie & Shields, p. 84.
85. Lee, p. 30.

Net vyf name verskyn op die steen hoewel dit algemeen beweer word dat ses Boere vermoor is. Volgens Lee was die persone die volgende:[86]

Geyser, Jan J. (65) (die siek oubaas in die wa)
Geyser, P.J. (11) (Jan se seun)
Greyling, J.C. (25)
Vervcuil, Jan. F. (31)
Potgieter, F.J.G. (18) ("klein Doors")
Een naam onbekend.

Dit is later vasgestel dat die sesde persoon ene Van Heerden was.[87] Daar bestaan ook twyfel of Geyser Sr. werklik 'n seun 11 jaar oud gehad het. Volgens sy sterfkennis het hy ten tye van sy afsterwe vier kinders gehad, alvier mondig.[88]

Die graf wat oor die jare erg verwaarloos geraak het is in 1957 gerestoureer en omhein deur kmdt. R.F. Botha en mnr. S.J. Lee en 'n span verkennerseuns van die Konsul Grobler-Voortrekkerkommando van Messina. Vandag staan die heining nog stewig en is die grafsteen in uitstekende toestand.

### Die Boere van die "agt Boere"-insident

Die graf is op die plaas "Ballymore" tussen Elim en die hoofpad tussen Louis Trichardt en Bandelierkop. Die grafsteen was soortgelyk aan dié op Morgenzon, maar oor die jare het die grafskrif geleidelik verdwyn a.g.v. Swartes wat hulle spiese op die steen geslyp het. Nog later is die steen gebreek en verbrokkel en daar is vandag net 'n klein stukkie van oor met die name, Smit, Logenaar, Wouter nouliks leesbaar. Die name is gelukkig vroeër al opgeteken en volgens Lee was die slagoffers:[89]

Baau(w)kens
Vahrmeyer, Willem Daniël
Smit, C.P.J.
Logenaar (27)
Westerhof, G.K.
Wouters, B. (40)
Du Preez, J.J. (16)
Een naam onbekend

Dit is later vasgestel dat die agtste Boer ene Pauskie was.[90] Lee meld dat daar nog 'n groepie van vier Boere, nl. Pasche, Beukes, Voster en Beauchamp op Ballymore vermoor is.[91] Dit kon nie bevestig word nie en geen graf is bekend nie. Omrede die onsekerheid, kan bespiegel word dat "Beauchamp" moontlik dieselfde persoon as "Baauwkens" kan wees en "Pasche" moontlik dieselfde as "Pauskie."

### Die Boere van die "drie Boere"-insident

Op die plaas Sweetwaters, wat teenaan Ballymore lê, is 'n graf, met die volgende grafskrif op die steen:

---

86. Lee, p. 56.
87. (T.A.B.) GOV. 210, CON 39/06.
88. (T.A.B.) Boedel 1440 (1902).
89. Lee, p. 56.
90. (T.A.B.) GOV. 210, CON 39/06.
91. Lee, p. 33.

HELDEN VAN ZUID AFRIKA
VIR
VADERLAND
EN
VRYHEID 99 — 02
R. VAN STADEN
R. VAN STADEN
C. VAN STADEN

Volgens Lee was dit 'n vader en twee seuns. R. van Staden was die vader, C. van Staden sy seun van 17 en die ander R. an Staden sy seun van 11.[92]

**Van den Bergh se graf**

Hierdie Boer, wat deur Taylor voor sy familie doodgeskiet is, se graf is blykbaar op sy plaas Paardekraal agter Hanglip, by Louis Trichardt.[93] Dit kon helaas nie bevestig word nie.

**Morant en Handcock se graf**

Dié twee Australiërs is in een graf begrawe in die ou Pretoriase begraafplaas; van die hoofingang in Kerkstraat-wes (Stadburgershek) 100m in 'n noórdelike rigting, aan die westekant van die paadjie, is die graf. Oorspronklik het 'n ysterkruis op die koppenent gestaan met die name HANDCOCK & MORANT op die dwarsstuk. Dit is later vervang met 'n wit marmerkruis op twee marmerplinte, alles op 'n betonplint, met 'n betonrand óm die graf. Op die boonste plint verskyn die grafskrif:

TO THE MEMORY OF
P. HANDCOCK
AND
HENRY H. MORANT
27th FEB. 1902

Op die onderste plint die volgende:

"HE THAT LOSETH HIS LIFE SHALL FIND IT."

92. Lee, p. 57.
93. Lee, p. 57.